



# WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

## NG KERK RANDBURG

**Week van 5 Mei – Handeling 9 : 1 - 19**

**Stil word en aanbidding:** Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Watter gedagtes kom by jou op as jy die woord "transformasie" hoor? Lees Openbaring 5: 11-14 as 'n gebed. Wat wil jy saam met die hele skepping vir God sê?

**Woord:** Die boek Handeling is eintlik die verhaal van die vernuwende, lewens veranderende en soms ontwrigtende werksaamheid van die Heilige Gees. Die opvallende en verrassende van die boek Handeling is dat dit berig oor die volgeling van Jesus, wat selde of ooit gaan na waar hulle self graag sou wou gaan en selde mense tegemoetgaan wat hulle uit hulle self en volgens hulle sisteem van voorkeure mee sou wou kontak maak. Die Gees beurt teen en dring deur bestaande mensgemaakte grense en vooroordele heen. Die Gees lei die Jesus-volgeling na diegene wat hulle eerder sou wou vermy. Lees nou teen hierdie agtergrond die "*roepingsverhaal*" van Saulus in **Handeling 9 : 1-19** 'n keer of twee aandagtig deur.

### Gesprek

1. Iemand het hierdie gebeure in Saulus se lewe as "'n ontmoeting met die Genadige" beskryf. Onderweg na Damaskus het Saulus vir die eerste keer in sy lewe geleer wat die evangelie van genade behels. Hierdie ontmoeting met die genadige God het sy lewe onherroeplik verander. Vir die res van sy lewe sou hierdie genade van God Saulus telkemale oorweldig en die omvang en grootsheid daarvan hom tot dankbare lof en aanbidding beweeg. Bespreek onder mekaar die grootsheid van God se onbeskryflike genade in julle lewe en of dit steeds tot vandag toe 'n blywende indruk op julle as Jesus-volgeling maak.
2. "Skielik" (Lukas gebruik die woord "egeneto") het 'n lig uit die hemel hom omstraal - breek God in die alledaagse verloop van gebeure in. Gesels oor soortgelyke "skielike" ervarings wat julle al gehad het en die impak van die Here se ingrepe op julle lewe.
3. Waaraan sien ons dat iemand se lewe regtig getransformeer is? Saulus is getransformeer van iemand wat Jesus vervolg het, na iemand wat Jesus voluit gevolg het. Wat sal gebeur as ons Jesus regtig voluit begin volg? Is dit iets wat ons regtig voor kans sien?
4. Nie alle bekerings is so dramaties soos Saulus se bekering nie. Tog het ons elkeen ons eie storie. Deel jou storie met die groep.

**Doen dinge :** Almal van ons het "'n Ananias" in ons lewe nodig. Iemand wat ons aanmoedig en ondersteun. Wie is dit vir jou? En vir wie kan jy Ananias gaan wees? Skryf die name neer van almal wat in jou navolging van Jesus 'n invloed gehad het. Skryf nou die name neer van die persone vir wie jy jousef moet gee sodat hulle ook in hul navolging van Jesus kan groei.

**Afsluiting:** Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid: "*Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.*" En bid dat God jou sal bly verras en verander!